



## JAPIE KYK NA BANDELOSE KOOPPLUS

# Hoe lank sal die aarde voorbly?

Geagte Leser,

Verlede week het ek probeer aantoon hoe ekonomiese ontwikkeling geleidelik tot hoër produksie lei. Op sy beurt moet hierdie produkte bemark word. Hoër produksie het ook vir mense hoër inkomste beteken wat weer meer geld vir besteding veroorsaak het. Soos mense meer welvarend geraak het, het advertensieveldtogte produkte as statussimbole bemark. Dit is die geval vir 'n wye reeks van produkte: van motorkarre (wat by uitstek 'n welvaartsimbool is), sekere handelsmerke van klere tot selfs seep. Die droom om jou sosiale status te verbeter, kon nou bereik word deur dit wat jy koop. Die gevolg is egter dat mense geneig is om meer te koop as wat hulle kan bekostig. Kredietkaarte het dit verder aangehelp.

Die lelike kant van hierdie koopplus is dat ons goed koop wat ons nie werklik nodig het nie. Die verwagting van 'n gelukkige lewe indien jy sekere goed koop, dryf aankope. Richard Foster skryf dat hierdie dryf om te koop veroorsaak dat ons goedere koop wat ons nie nodig het nie en ook nie geniet nie. Ons koop goedere wat ons nie wil hê nie om mense waarvan ons nie hou nie te beïndruk.

Daar kan nou geargumenteer word dat juis hierdie gestimuleerde verbruik welvaart skep. Die algemene opvatting is dat produksie verhoog moet word. Dit sal maak dat almal ryker word. Die feit is egter dat dit in hierdie welvaart daar deur die wêreld 'n groter verskil is en bly tussen ryk en arm. Intussen bly die armer deel van die bevolking droom daarvoor om ook in die vermoë te wees om te kan spandeer soos die hoër inkomste groep. Wat die situasie vererger is die feit dat mense progressief sty-

gende verwagtings het wanneer hul inkomste verbeter. Sodra jy die leer begin klim, raak die behoefte sterker om al hoër teen die leer op te klim. Daar bestaan nie iets soos genoeg nie.

Wat hierdie verwagting verder onder die vergrootglas plaas, is die feit dat die wêreldbevolking steeds toeneem. Dit plaas al meer druk op bronne. Indien ons die idealistiese toestand sou bereik waar die minder rykes ook kan spandeer soos die rykes, hoe gaan die aarde aan hierdie vraag voorsien? Wat gaan die uitwerking wees op aardverwarming en daarmee saam klimaatsverandering? Sal die aarde ons volhoubaar kan dra?

Is hierdie net 'n skets van probleme of is daar dalk 'n oplossing?

Groete, Japie.

## CAO DUIWE

CARNARVON Posduif Klub uitslae Saterdag 05 Augustus 2017 Ellisras, die laaste noordpad wedvlug:

Ope Duiwe wenspoed 1073, 4024 mpm. Roy Henegan 1,6,7,9 en 10; Eben Hugo 2,3,4,5 en 8.

Saterdag 12 Augustus was die 1ste suidroete wedvlug, waar die jong duifies nou weer deelneem tot en met 14 Oktober 2017.

Beaufort-Wes uitslae was as volg:

Jong Duiwe wenspoed 1306, 9925 mpm: Witvleihokke 1,1,18,19 en 20; Roy Henegan 2,10,12 en 13; Eben Hugo 3,4,6,7 en 11; Arno Smith 8,9,15,16 en 17.

Ope Duiwe wenspoed 1390, 4838 mpm: Witvleihokke 1,7,8,16 en 20; Arno Smith 2,11,12,13 en 14; Roy Henegan 3,4,5,6 en 15; Eben Hugo 9,10,17,18 en 19.

Saterdag 19 Augustus 2017 vlieg ons Prins Albert 246km. – Roy Henegan

**NOORDWESTER UITGEWERS**  
Drukkers van Naam op Calvinia  
TEL. (027) 3411026  
FAKS (0273) 411686



### SIYATHEMBA MUNISIPALITEIT

#### Vervreemding:

#### Verhuur van Munisipale Eiendom

Kennis geskied hiermee dat Siyathemba Munisipaliteit van voorneme is om die Volgende eiendom aan For U Financial & Funeral Services CC te verhuur vir 'n tydperk van drie (3) jaar.

#### Ou Toilet gebou, geleë in Olieënstraat, Prieska.

Nadere besonderhede is verkrygbaar by die kantoor van die Bestuurder Korporatiewe Diens e gedurende kantoorure van Maandag tot Vrydag (07:30 – 12:30 en 13:30 – 16:45) Beswaar teen die aansoek, indien enige, moet skriftelik ingedien word, om hom voor of op Vrydag 01 September 2017 te bereik.

Indien enige persoon wat kommentaar wil lewer/vertoë wil rig, nie kan skryf nie, kan sodanige persoon gedurende normale kantoorure voor of op Vrydag 01 September 2017 by Mnr. JJ Badenhorst aanmeld, waar sodanige persoon se kommentaar / vertoë op skrif gestel sal word.

Kenningsgewing nr. 20 / 2017

I.W.J Stadhouer

W/Munisipale Bestuurder

Datum: 18 Augustus 2017

Munisipale Kantore

Victoriastraat

Fosbus 16 Prieska 8940

### MUSIEKFEES

GASTE by die negende Klein Karoo Klassieke kon 'n fees van kos, wyn en musiek geniet. Die fees het van 11 tot 13 Augustus 2017 in Oudtshoorn plaasgevind. 'n Groot aantal hoogstaande musiekkuitvoerings is vir die publiek aangebied.

### GOUD VIR MHL

FRASERBURG – Die Toneelstuk *Chaos in Sprokiesland* van Malherbe Human Laerskool, het op 2 Augustus aan die Logan Toneelfees te Fraserburg deelgeneem. Dit is 'n nutgeskrewe teks.

Dramaturg en regisseur mev. F. S. Botes verower goud. Ouma Uil, gespeel deur Kayrin Malan, verower goud vir haar rolverdeling. Al die ander karaktere het silwer ontvang.

CALVINIA ABATTOIR RAMSKOP KLK  
NEMA EIA, PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

ENVIROAFRICA CC

### CALVINIA ABATTOIR RAMSKOP:

### PROPOSED EXPANSION OF CALVINIA ABATTOIR RAMSKOP

(Erf 3562, Du Plessis Street, Calvinia)

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998) ("NEMA") and the EIA Regulations (2014), for the application for environmental authorisation to undertake the following activities:

Relevant notice(s):	Activity No (s)	Description
G N. R. 327 (2017) Listing notice 1	38	The Ramskop abattoir is currently registered to slaughter 600 sheep/ goats per day (100 Units). It is proposed that the slaughter capacity be increased from 600 to 1000 sheep/goats per day (167 Units).

EnviroAfrica cc has been appointed by CALVINIA ABATTOIR RAMSKOP KLK to undertake the **Environmental Impact Assessment ("EIA")** for the proposed project. An EIA application will be submitted to the Department of Environment and Nature Conservation ("DENR").

#### Project Description & Location (31° 28' 16.60"S, 19° 45' 42.32"E)

The Ramskop abattoir is currently registered to slaughter 600 sheep/ goats per day. It is proposed that the slaughter capacity be increased from 600 to 1000 sheep/goats per day. All waste products, as well as deceased sheep or carcasses (condemned material), gets buried in trenches at a designated area adjacent to the abattoir. All water used at the abattoir, emanating from the slaughter floor and pens/krale, gets pumped into a separator where solids gets separated from the liquid waste produced by the abattoir. After this, waste water then gets pumped through a pipeline to the municipality's oxidation dams; and any other remaining solid waste then also gets buried in the trenches mentioned above.

**Description of Alternatives:** Alternatives, which include layout options and the option of not proceeding with the proposed development (the No-Go option), will be discussed in the application process.

**Public Participation:** Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **18 September 2017**.

In order to register or submit a comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

**For more information – Consultant:** EnviroAfrica (The Ramskop Abattoir Calvinia);  
P.O. Box 5367, HELDERBERG, 7135  
Fax: 086 512 0154 / Tel 021 8511616  
E-mail: [admin@enviroafrica.co.za](mailto:admin@enviroafrica.co.za)

### 35 Jaar gelede

DIE NOORDWESTER: 15 Januarie 1982. In 1954 is hierdie pryse vir negosieware betaal by mnr. Solly Abrahams op Williston: 21 pond geel suiker: 7/- (70 sent); 1 blik Vim: 1/- (10 sent); 1x 5 lb sakkie koekmeel: 2/6 (25 sent).

## Riding and Watt Professionele Landmeters

- ★ Wil u weet waar u Plaas/Erf grense is?
- ★ Het u raad nodig oor eiendom verwante navrae?
- ★ Terreinplan nodig vir toekomstige ontwikkelings?
- ★ Liggingsplan wat benodig word vir indiening aan raad?

Ons missie is om te verseker dat u take makliker word deur stiptelike, akkurate data en planne te verskaf.

Ons integreer ons eie grondverwante data van die Akteskantoor, die Landmeter-Generaal en die Hoofdirekteur van Opmetings en Kartering (NGI) om te verseker dat ons kliënte voldoende en opgedateerde inligting ontvang om aan hul behoeftes te voldoen.

Ons werk in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap, ons area is wyd en geen werk is te klein of groot vir ons nie.

Ons nooi u uit om na ons onlangs opgegradeerde webwerf ([www.riding.co.za](http://www.riding.co.za)) te kyk vir meer inligting

#### Kontak vir Claus Riding

POSBUS 297, CERES 6835

Tel: 023 3121455 Faks: 023 3161503 Sel: 082 55 44 695

